Franse Sending

KINDEREVANGELISASIE

Ds. Johan en Rita Bloemhof

Daaglikse Gebedsversoeke No. 95
Julie - Augustus - September 2015

Liewe vriende in Christus,

Wat ŉ fantastiese belofte van God se genade "...Dan sal die Here reën gee op die saad wat jy in die land gesaai het, en sal jou grond kos vir jou lewer wat ryk en voedsaam sal wees. Jou kleinvee sal wei in uitgestrekte grasveld." **Jes. 30:23.** Bid dat Sy Koninkryk in Frankryk sal kom en wat vrug gee wat bly.

Loof en prys God vir feitlik **20 miljoen kinders** wat die afgelope jaar in **188 lande** deur direkte CEF bedieninge bereik is.
Julie tot September is oestyd in Frankryk maar ook saaityd vir die evangelie. Ses en twintig Suid-Afrikaners sal help met dié taak. Loof God vir elkeen wat ŉ verskil kom maak deur die Woord van God by mense uit te bring. Bid asseblief vir genoegsame fondse vir elkeen wat God stuur, vir beskerming op al die reise en veral dat elke pakkie met ŉ Evangelie in "goeie grond" sal val en vrug dra vir die ewigheid.

BAIE DANKIE vir jou belangrike aandeel as gebed sendeling.
Mag die Here jou seën.

Julie 2015

"'"Hierdie evangelie van die koninkryk **SAL in die hele wêreld verkondig** word, sodat AL die nasies die getuienis kan hoor, eers **dan** sal die einde kom" Matteus 24.14

1-2 Johan en Rita is 37 jaar getroud (1 Julie). Dank die Here vir Sy genade oor al die jare en vir die lewe wat Hy vir ons skenk. Bid dat ons huwelik en liefde vir mekaar steeds sterker sal word in Christus.
3-4 Potchefstroom studente UITREIK (25 Junie tot 6 Julie) Loof die Here vir elkeen van die 6 jong mense en 6 minder jonges wat Hy gestuur het om die Goeie Nuus te saai.
5-6 Uitreike: Bid vir veiligheid van span op al die reise, vir die bestuurders en vir al die logistiek en dat niemand wegraak nie.
7-8 Uitreike: Bid dat die **spanlede teruggaan na SA** met ŉ passie om te getuig van die grootheid van Here en die nood in wêreld. Bid dat God 'n sending bewustheid in elkeen se gemeente sal opwek. Bid vir ŉ veilige en aangename terugvlug na die RSA.
9-10 Uitreike: Bid vir vrug wat sal bly – dat kinders en ouers tot bekering sal kom en by die gemeentes sal inskakel.
11-12 Bid dat God se Koninkryk magtig sal aanbreek regoor Frankryk en op die Franse eilande. Bid vir herlewing.
13-14 Loof en Prys God dat Franssprekende gemeentes **266,000 Evangelisasie pakkies** aangevra het om die jaar te versprei.
15-16 September Senior Gebedsuitreik 17-28 September. Daar is nog een plek oop. Bid dat die Here van die oes iemand sal roep. Kontak Prof Dons Kritzinger Tel 058 256 1179 dons.kritzinger@gmail.com
17-18 Interaktiewe Evangelisasie Webblad. Bid dat baie Franse kinders in die Europese somer vakansie (Julie en Augustus) deur die Bybelstudies meer oor Christus sal leer.
19-20 Franse Leierskap kursus. Verskeie kinderevangelisasie kursusse word die volgende twee weke aangebied. Bid dat elke persoon wat opgelei word 'n werker in die oes sal word – veral in die onbereikte streke.
21-22 Rita Bloemhof. Bid asseblief dat die Here my elke dag nuwe krag en moed sal gee vir die werk in die huis en vir die bediening.
23-24 Onbereikte streek LIMOUSIN. Loof die Here vir die groot projek van ŉ baie klein gemeente in die streek om 190.000 huisgesinne te bereik.
25-26 Johan Bloemhof. Dank God vir beskerming en goeie gesondheid. Bid dat ons elke dag die Here voluit sal dien, liefhê en Sy wil doen en die tyd uitkoop.
27-28 Nuwe beraders vir die Internet bediening. Dank die Here vir 3 nuwe beraders wat opgelei is vir die Internet bediening onder kinders. Bid vir meer werkers vir die oes.
29-31 Dank die Here vir elke ondersteuner en die gemeentes wat deel in die Franse Sending. Bid dat die Here hulle seën. Vertrou God om in al die behoeftes vir die Franse Sending en vir ons te voorsien.

Augustus 2015

"Is iets te buitengewoon vir die Here ?" Gen. 18.14

1–2 Somer opleiding van kinderwerkers. Bid dat die Here persone wat klas gee sal inspireer en gebruik om mense goed toe te rus om kinders te onderrig in die Woord.
3-4 Ons seun, Jean en Holly. Bid asseblief dat die Here help om goeie ouers te wees en vir seën op Holly se sendingwerk in Frankryk. Bid vir vrug op hulle deputasie besoek aan kerke in die VSA.
5-6 Hélène-Laure (ons meisiekind) **en Timothée CHRISTIN**. Hélène-Laure het onlangs haar elmboog gebreek. Bid vir volle genesing. Sy het nog steeds ŉ maag en dikderm bakterie wat haar deurentyd baie

ongemak veroorsaak en haar baie bloed laat verloor. Vertrou asb. dat die Here insig aan die dokters gee en vir volle genesing.

7-8 Evangeliese webblad www.Dieu-t-m.com. Bid vir meer kinders wat op dié wyse die Evangelie sal hoor en gered word.

9-10 Marcel en Elise Bloemhof. Elise het 'n soort meervoudige sklerose (MS). Nuwe ondersoeke word gedoen. Bid asb. dat die Here in Sy genade haar sal aanraak en genees as dit Sy wil is. Bid dat hulle 2 kindertjies Lana en Ruben in God se weë sal groot maak.

11-12 PAYS DE LA LOIRE Loof die Here vir Kevin en Noëlene Beaumont se visie en arbeid om kinders met die evangelie te bereik.

13-14 Nasionale kantoor CEF Frankryk. Bid vir genoegsame fondse om al die verpligtinge van die bediening op nasionale vlak na te kom.

15-16 Publikasies. Dank die Here vir die nuwe publikasies wat kon verskyn en vir die bekwame koördineerder, Philippe Mayhew.

17-18 Onbereikte streek PICARDIE en NORD. Bid vir deeltydse en voltydse werkers in die streek. Dank God vir meer as 100 mense wat by die jong gemeente in Noyon inskakel wat minder as drie jaar gelede geplant is. Vertrou God vir 'n nuwe kerkgebou.

19-20 Bid vir herlewing onder die 50 miljoen Fransprekende kinders in die wêreld d.m.v. Internet Evangelisasie.

21-22 Ons seun Timothée en Julie. Dank God vir die mooi ontwikkeling van hulle vrolike baba seuntjie Elliott. Bid dat hulle hom in God se weë sal opvoed en dat Hy hulle seën.

23-24 Korsika eiland 322.000 mense(0,1% Evangeliese Christene. Die handjie vol Christene het op hulle hart dat elkeen op die eiland behoort te weet Wie Jesus. Bid dat God dit in Sy genade sal moontlik maak deur die verspreidings en vir werkers vir die oes

25-26 Onbereikte streek LORRAINE Slegs ongeveer 0,09% Evangeliese Christene. Dank die Here vir **Nina** – 'n CEF werker in die streek en vir al die oop deure

27-28 Geloofsending. Loof die Here vir gelowiges se oop harte, vir mense wat maandeliks of periodiek bydra vir die Franse Sending. Bid dat die Here elkeen ryklik sal seën.

29-30 Rita se verjaarsdag(31e) Loof die Here vir gesondheid en krag vir elke dag. Bid dat die Here haar ryklik sal seën in die jaar wat voorlê.

September 2015

"Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel." Mat 6:10

1-2 Ons vyf kleinkinders (Anna, Lana, Ruben, Sophie en Elliott): Bid dat hulle ouers hulle deeglik in God se Woord sal onderrig en sodat elke kind sy of haar vertroue in die Here sal stel en gered word.

3-4 Daar is ongeveer 4 miljoen kinders in **Parys en omgewing (Ile-de-France).** Vertrou God vir meer werkers in die streek waar miljoene kinders in 'n groot geestelike nood verkeer.

5-6 Huis Goeie Nuusklubs hervat die maand in Frankryk. Dank die Here vir elke getroue werker.

7-8 Jongmense by die Bloemhofs. Bid vir sonde oortuiging en bekering vir Marc. Dank die Here vir die 2 Franse gelowige jongmense.

9-10 Internasionale Hugenote Konferensie VK. Bid dat die Here nasate roep om die Evangelie terug te bring na hulle stamland Frankryk.

11-12 CEF Internasionaal. God het weer die afgelope jaar die CEF bediening wêreldwyd ryklik geseën – **ver bo dit** wat ons sou kon dink. Aan God alleen al die eer. "Here mag U koninkryk kom".

13-14 Optrede SA Gemeente VK. Bid dat God verheerlik word en ryke seën op die optrede.(13e)

15-16 Onbereikte streek CHAMPAGNE-ARDENNE. Net ongeveer 0,08% Evangeliese Christene. 1903 dorpe is sonder gemeentes. Bid vir meer kerke en vir voltydse CEF kinderwerkers in die streek.

17-18 Uitreik Gebedsuitreik. Prof Dons Kritzinger (17 tot 28 Sept.) Bid vir goeie weer, vir ontvanklikheid vir die Woord – dat die grond vrugbaar sal wees deur die Heilige Gees se werking, eenheid en diensbaarheid in almal wat deel in die uitreik.

19-20 Werkers vir die oes. *"Die oes is groot en die werkers min"* Bid vir 40 werkers in die ONBEREIKTE STREKE.

21-22 VERITAS opleiding. Dank die Here vir die getroue groep van die afgelope module. Bid dat ons binnekort met die 2e Module kan begin.

23-24 UITREIKE 2016. Bid vir oop deure en onderskeiding van God se wil. Moontlikhede**:** Korsika, Limousin, Normandie en Auvergne.

27-28 Bybelse korrespondensie kursusse. Dank die Here vir al die kinders wat daaraan deelneem.

29-30 Geloofsending Loof die Here vir gemeentes en individuele gelowiges wat deel uitmaak van God se genadewerk deur hulle gebede en bydraes.

Nuusbrief en adresveranderings: Franse Sending, NGK Nigel-Oos, Posbus 619, Nigel, 1490

Bydraes /Tjeks: "Child Evangelism Fellowship"
Spesifiseer asb.vir **"ds J. F. Bloemhof Nr 30";**
Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA
(Navrae Tel 021-8581140)

Bank inbetalings of Debiet orders:
FNB (First Nasional Bank)
Rekening naam: Child Evangelism Fellowship;
Takkode: 200912
Rekening nr : 53 800 042 847
Verwysing : Vir ds J. F. Bloemhof nr 30

Debietorder: Vra asb. aan by CEF SA Kantoor
Tel 0836600106 of per e-pos cefsafinance@gmail.com

Help asb. posgeld spaar: Vra gebedsversoeke en nuusbrief aan per E-pos en gee u huidige posadres bloemhof@free.fr
Frankryk posadres: 10 rue des Genêts; 91090 LISSES Frankryk. Tel 0033160861989